

Kiepersol se Serendipity Veldwa 4x4 Saamtrek

Willie Bronkhorst berig soos volg:

Uiteindelik breek Vrydag, 16 Maart 2012 aan en ons sien uit na 'n eerste in Sawa asook Streek Kiepersol se geskiedenis, 'n Veldwa 4x4 saamtrek.

Willem en Maria Nordeje is gelukkiger as ons en vertrek vroegoggend na Serendipity. Hulle jok vir ons almal wat skakel om te hoor of dit daar ook reën. Willie, Elma en WP Bronkhorst asook Kotie Viljoen, dit is Elma se ousus, daag teen 17:00 by 'n sopnat kampterrein op. Gelukkig het dit opgehou met reën en daar word vinnig nes geskop en kamp opgeslaan. Maria pak die kampvuur aan en ons kuier om die vuur terwyl ons wag vir Frans Joubert van streek Waterberg.

Teen 19:00 daag Frans en Ria Joubert van streek Waterberg op, maar groot is die verbasing want hulle skoonseun, dogter en kleinkinders, Jaco, Yolanda, Jaco jr. en Celeste het ook kom saam kamp. Nadat hulle opgeslaan het neem WP die boekevat waar en ons kuier die res van die aand 'n hond of liever 'n muskeljaatkat uit 'n bos . Die mooi dier het kom kyk of daar nie 'n afval stukkie braaivleis is om te aas nie.

Saterdagoggend na ontbyt neem Maria die boekevat waar. Willem en Johan de Jongh sluit by ons aan om saam deur die 4x4 roete te ry. Teen 10:15 vertrek die ses voertuie op die roete:

- Willem & Maria – Toyota Land Cruiser
- Kotie & WP – Mahindra bakkie
- Willem & Johan – Pajero
- Jaco, Yolanda & kinders – Toyota Fortuner
- Frans & Ria Joubert – Pajero
- Willie & Elma Ford Ranger

Eers gaan wys Willem vir ons die Echo Kamp met sy regte egte bos-toilet en daarna ry ons tot by die swemgat in die bergstroom. Frans, Jaco, Jaco jr., Celeste, WP en Johan durf die koue water in die swemgat aan (regs) Na 'n lekkernytjie en 'n sluk koue water ry ons verder en toe begin die sports. Die een na die ander hindernis word getrotseer en Willem moet sy storie ken om almal deur die hindernisse te begelei.



Ons hou stil en braai 'n worsie. Nadat almal 'n worsbroodjie en iets koude genuttig het ry ons verder, later ook die water hindernis.



Teen 17:00 is die groep terug in die kamp, nodeloos om te sê dat ons heeltemal te laat was om 'n bietjie saam met Hennie-hulle te kuier. Hulle het darem gelukkig die plaatjies daar gelos en ook 'n "Ons was hier" boodskap op die grond uitgekrap.



Jouberts en Willem Nordeje



Jaco Botha en gesin

Saterdagoggend word daar om die kampvuur gekuier, Willem en Johan groet en vertrek terug Pretoria toe. Die res van ons kuier verder terwyl ons smul aan braaivleis, poetoepap en potbrood. Teen 21:00 raak dit stil aangesien die batterye maar redelik pap is na die opwinding en harde werk agter die stuur.

Sondagoggend hou Willie vir ons boekevat en nadat ons heerlik gesmul het aan die plaatkoekies wat Yolanda gebak het vertrek Kotie en WP, Sy moet terug Bethal toe en WP moet gaan huiswerk doen en leer. Ons kuier verder en Jaco en sy gesin besluit om by Sawa aan te sluit. Streek Kiepersol is een gesin ryker na die genotvolle naweek.

Na 'n laat ontbyt begin ons oppak en vertrek terug huis toe. So kom nog 'n suksesvolle en aangename Sawa kuier aweek tot 'n einde.

Die kamp het genoeg geriewe om te verseker dat ons die naweek geniet.

Willem & Maria, Willie & Elma.

Ns. Dankie nogmaals Willem vir die harde werk Saterdag tydens die 4x4 ryery.